// KOERSVAS

Jaargang 12 Uitgawe 242
19 September 2025

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr J Otto

**In hierdie uitgawe:**

**Redaksioneel:**

**Berigte:** **Bondsvergadering voorskou**

**Gereformeerde konvent 2025**

**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

### Geleenthede / Verleenthede

Dit is heerlike lente, die winter is verby! Nuwe geleenthede om foute te maak, om onbepland ander te laat skater. Ons matrieks is tussen rekordeksamen en eindeksamen. In alle hoop gaan hulle kan leer uit foute gemaak. Sudente voel ook reeds die eerste grepe van eksamen. Die spanning rondom eksamens is tasbaar in elke huis waar 'n kind, of brawe ouer, voorberei vir eksamens. Dit is nodig om net vir 'n oomblik 'n ligter perspektief daar te stel. Ons moet kan lag, ook vir onsself. Soos die keer toe iemand wou vertel dat die haan gekraai het. "En toe kraan die haai, ek bedoel toe haai die kraal ek bedoel ... die kraal het gehaan." Dit is die onbedoelde flater wat in volkslegendes onthou word. Dit is egter nie net op die kansel, die podium of die kateder wat hierdie foute begaan word nie.

Die arme onderwysers wat so hard gewerk het om iets in die kinders se koppe in te kry, moet erken hulle pogings lewer nie altyd die gewenste resultate nie. Dit is nie net in Matriek eksamens wat die flaters floreer (of is dit bot en blom) nie. In die *anoniemosfeer* van onbekend maar gewild, kom ons herhaal van die wyshede.

Nie almal ken vandag hoflike kerktaal nie: *Maak 'n sin met "ter aarde bestel" – A: Wie ter aarde bestel so 'n groot koek? A: Waar het die koning van Israel twee afgodsbeelde laat oprig? In Jerusalem en Gauteng.*

Vir foute is niks heilig nie, nie eens verhoudings nie: *Voltooi: Hoe kaler jonker... ...hoe stouter in die donker. Wat is die meervoud van kabeljou? A: Kabeljulle. Wat is die verkleinwoord van Oupa? A: Kleinseun. Wat noem ons iemand wat velle looi? A: Onderwyser. Vegatiewe voortplanting is 'n proses waarin een individu per ongeluk 'n ander individu vervaardig.*

Van die beste flaters is natuurlik daardie wat gemaak word omdat dit jou tweede taal is en direkte vertalings kan die draai om te vlermuis (*turn to bat*) tot gevolg hê. Die sin oor paaie het die konsep van "traffic jams" ingesluit en so het ons gekom by verkeerskonfyte. *Noem 4 belangrike stadiums in die lewe. A: Ellispark, Loftus, Nuweland, Kingspark. Noem die vier seisoene. A: Sout, peper, mosterd en asyn. Wat is 'n terminale siekte? A: As jy op die lughawe siek word.*

'n Bietjie kennis en baie kreatiwiteit is natuurlik ook gevaarlik. *Wat is die doel van die kies- en oogtande? A: Die kiestande kou die kos en die oogtande kyk dat hulle die kouwerk goed doen. Waarvoor word beesvelle gebruik? A:*

*Om die bees binne te hou. Noem 5 dinge wat melk bevat? A: Kaas, botter en drie koeie.*

Logika is 'n wonderlike gawe, behalwe wanneer dit nie is nie. *Wat is die verlede tyd van eet? A: Honger Wat beteken die idioom: Uit die veld geslaan. A: 'n 6. In watter geveg het Hannibal gesterf? A: Sy laaste geveg Wat is die hoofrede vir mislukking? A: Eksamens. Hoe kan 'n mens agt dae sonder slaap klaarkom? A: Maklik, hy slaap in die nag. Hoe kan jy 'n rou eier op 'n sementvloer laat val sonder om dit te kraak? A: Sementvloere is baie hard om te kraak*.

Wiskunde het op sy beste uitdagings, maar daardie woordnommer is baie se meester*: As dit agt mans tien uur neem om 'n muur te bou, hoe lank sal dit vier mans neem om dit te bou? A: Geen tyd nie, die muur is reeds gebou. Gee die formule om die oppervlakte van 'n sirkel te bepaal. A: Paai straal kordaat. Wat is regoorstaande hoeke? A: Dit is hoeke wat vir mekaar kyk*.

Eksamens geskied onder druk en ons almal weet; hoe meer haas - hoe groter die haaspastei. Ons sou 'n boek kon vul met hierdie flaters, nie net in huiswerk en eksamens nie, maar ook die foute begaan oor die radio, in die koerante, op die podiums en in die besigheidswêreld. Ons weet ons almal maak foute en wens dat die aarde ons kan insluk per geleentheid oor verleentheid. Tog: Die pret in die fout dra die lag na buite en daarom kan die foute anoniem word. So lag ons vir die grap, sonder om vir die persoon te lag. Geniet die lente en maak tyd om te lag. Ons weet die grootste soogdiere word in die see gevind omdat 'n mens hulle nêrens anders kan neersit nie. 'n Goeie grappie is altyd tydig.

Ns. Dalk kan onderwysers en lesers hulle beste voorbeelde met ons deel vir 'n volgende keer.

## BERIGTE

### Bondsvergadering voorskou

Die Bondsvergadering (21-23 September 2025) begin Sondag 21 September 2025 met erediens en die eerste Pont gedenklesing. Maandag en Dinsdag vind die vergadering self plaas. Enkele sake wat tydens die vergadering onder die loep sal kom:

**Bondsdamesverslag**. Ten spyte van opmerkbare uitdagings was die dames in staat om ongeveer R 40 000 in te samel vir Teologiese opleiding. Ons glo die dames sal binnekort weer in persoon kan vergader en hulle goeie werk voortsit.

**Kuratorium**: Onder hierdie punt is van belang die nuut-dink oor die Kuratorium en die verhoudings binne die Bond. Twee beskrywingspunte sal die saak inlei en die werksveld bepaling van die Kuratorium onder bespreking neem.

**Akademie**: Die toekomstige opleiding van ons predikante is 'n prioriteit. Minimum vereistes en aanvaarbare akademiese opleidings sal bespreek word.

**Liturgie**: Die gesprek sal sentreer rondom die aanvaarbare liturgiese toepassings te midde van vele dwalinge rakende Doop en Nagmaal.

**Dissipline**: Belangrike sake soos tug en griewe prosedures (voorheen nie bepaal nie) sal gemeentes se interne werkinge vergemaklik indien konsensus

bereik kan word. 'n Voorgestelde gedragskode sal ook bespreek word.

**Media**: Die belangrikste besluite wat geneem moet word hou verband met die Lewensbrood se volhoubaarheid.

Mag die Here die vergadering deur Sy Gees lei.

## Gereformeerde konvent 2025

In die week eindigende 12 September 2025 het 15 Europese lande se ortodokse kerke in Moskou Rusland byeen gekom om 'n (aan ons bekend as ekumeniese ooreenkoms) Ortodokse bond tot stand te bring. Dit was dr. Otto se voorreg om aan hulle 'n groete video te stuur. Ortodoks en gereformeerd stuur af op dieselfde beginsel – Skrifgetrou.

Die Koinonia netwerk se eerlike pogings om ortodokse (Bybelgetroue) gelowiges saam te bring moet ondersteun word. Die Gereformeerde konvent (25-26 September 2025) te Moreletapark is 'n belangrike geleentheid om behoudende kerke en geloofsgenote oor verskillende kerke en denominasies heen saam te laat dink en praat. U word aangemoedig om deel te word van die gesprek. 'n Konvent is 'n byeenkoms waar afgevaardigdes buite die amptelike strukture vergader. Dit is in ons almal se belang. Ons kan saam voor loop. Registreer gerus nou by https://koinoniasinode.org.za/konvent/

## KENNISGEWINGS

### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

Kalenders

Kwitansieboeke

Offergaweboeke

Dames Kwitansieboeke

Konsistorieboeke

Reklame-plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com



# Volkshulp2000

(NPO 004-086)

Volkshulp2000 is 'n geregistreerde, nie-winsgewende welsynsorganisasie wat al vir meer as 30 jaar na hulpbehoewende volksgenote omsien. Volkshulp2000 ontvang geen hulp van die staat of buitengewoon groot ondernemings nie. Ons is ten volle afhanklik van donasies en ander skenkings (soos produkte, klere en meubels) deur volksgenote. Hulpbehoewende volksgenote se getalle neem toe. Gesinne, kinders en bejaardes is slagoffers van omstandighede buite hulle beheer. Ons doen 'n beroep op volksgenote om ons te help om hierdie toenemende nood te bestry.

**Belastingsertifikate is op aanvraag beskikbaar.**

**Straatadres:** Steadlaan 246,
Queenswood, Pretoria
**Tel:** 012 755 8201/2
**Posadres:** Posbus 11824,
Queenswood, 0121
**Vonkpos:** bestuur@volkshulp.org.za
**Bankbesonderhede:**
Tjekrekeningnommer ABSA 10176514,
Takkode: 623 005

Volkshulp 2000

MET SAAMWERK SAL ONS STREEF OM TER EER VAN GOD TE LEEF

**https://www.volkshulp.org.za**

**https://www.facebook.com/Volkshulp2000.amptelik**

# GEREFORMEERDE KONVENT

**MORELETAPARK KERKGEBOU | 25-26 SEPT 2025**



353 DE VILLEBOIS MAREUIL DR,
PRETORIUS PARK, PRETORIA

## DAG 1

**11:00-12:30:**
KOFFIE EN REGISTRASIE

**13:00-13:30:**
OPENING EN HERDENKING VAN DIE GELOOFSBELYDENIS VAN NICEA | Anton Knoetze

**13:30-14:15:**
TEMA 1: WAAR STAAN ONS TANS | Prof Aalwyn Swanepoel Schalk Strauss

**14:15-15:00:**
BESPREKING VAN TEMA 1

**15:00-15:30:**
VERVERSINGS

**15:30:**
TEMA 2: WAT BETEKEN KONSOLIDASIE VIR ONS
DS JOHAN OTTO

**16:00**
BESPREKING VAN TEMA 2

**16:45:**
TEMA 3: WAT BETEKEN REFORMASIE VIR ONS |
Prof. D'Assonville Karel Jansen

**17:15:**
BESPREKING VAN TEMA 3

**17:30-20:00:**

## DAG 2

**08:30-09:00:**
KOFFIE

**09:00-10:00:**
TEMA 4: WAARHEEN OP PAD NA DIE TOEKOMS |
Prof Dolf Britz D J Kleynhans

**10:00-10:45:**
BESPREKING VAN TEMA 4

**10:45-11:15:**
VERVERSINGS

**11:15-12:15:**
TEMA 5: ROEPINGSVERKLARING EN BESPREKING |
Schalk Strauss

**12:15-12:45:**
AFSLUITING

---

Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God.

Efesiërs 3:18-19